

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

4.3


2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: RING VAN CRADOCK

Titel van Projek: HOFMEYR HUGS OF HOPE MAATSKAPLIKE DIENSTE

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteier
Naam:	TERESA OPPERMAN
Posadres:	AMAJUBA POSBUS 118 HOFMEYR 5930
E-pos:	amajuba@nokwi.co.za
Faks:	Nvt
Tel. (k):	0488859064
Tel (h):	0488859064
Selfoon:	0761228719



Handtekening Projekvoorsteller

2022/09/05

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

--	--

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

HOFMEYR HUGS OF HOPE reik uit na swaarkrymense en buiterandfigure in Hofmeyr en omliggende gemeentes en gemeenskappe. Hugs is nie ras-georiënteerd nie, en werk onder alle gemeenskappe, ongeag kerkverband.

Behalwe die opleidingsarm van Hofmeyr Hugs of Hope, ervaar ons gemeenskap ook groot maatskaplike nood en dit is waarom Hugs die dienste van 'n Maatskaplike werker wat spesifiek vanuit ons kantoor werksaam is, benodig. Sy is toegerus met 'n volledige kantoor, telefoon en rekenaar, en kan in privaatheid haar kliënte spreek, soos en wanneer dit haar pas. Op die stadium sien sy baie meer kliënte as waarvoor ons haar kan vergoed. Sy ontvang tans 'n bedrag van R200 per uur vir 10 uur per maand, met 'n dubbele tjek in Desember.

Haar halfjaarlikse verslag word aangeheg ter insae.

Sy vorm 'n persoonlike band met haar kliënte, en sy is op die stadium die enigste persoon in Hofmeyr en Steynsburg wat hierdie diens kan lewer, aangesien die Departement van Maatskaplike dienste nie in 'n posisie is om met persone in nood, 'n verhouding te bou, of huisbesoeke te doen nie.

Areas waar dienste gelewer word: Hofmeyr, Twinsville, Schoombee, Eluxolweni, Steynsburg en omliggende areas, en sy het ookal persone vanaf Burgersdorp adviseer.

Hofmeyr Hugs of Hope werk ook nou saam met ACVV, Vukasebenze Shelter, Hasie Kalbassie speelgroep, Huis Bethesda in Cradock, Elizabeth Jordaantehuis in Cradock, Marais Steyn huis in Steynsburg en Huis Herfsblaar in Burgersdorp. Ons werk ook nou saam met die NG Kerk in Hofmeyr.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Pesone wat Trauma beleef : stappe om deur die Trauma te werk word aan die kliënte geleer en hul word begelei tot op 'n punt van verwerking en aanvaarding.

Huweliksberading: Persoonlikheidstipes word bepaal, en dan word die partye geleer om mekaar se insig en hantering van probleme te verstaan en te hanteer.

Voor huwelikse onderhoude: voornemende egpare word deur verskeie programme begelei om toekomstige probleemsituasies wat mag ontwikkel te identifiseer en te hanteer.

Seksuele molestering: sy besoek skole waar gevalle aangemeld word, en bepaal die agtergrond, en hanteer dan die aangeleenthede in samewerking met die Departement.

Voedingsnood: Assesserings word deur haar hanteer en sy gee die nodige inligting deur aan Hugs of Hope waar nodig, en aan die NG Kerk se Diens v Barmhartigheid.

Armoede en klerenood: Assesserings soos bepaal deur Helpende Hand word voltooi, en verwerk sodat daar aandag gegee kan word aan onmiddellike nood.

Onderlinge verhoudingsbestuur: waar partye van mekaar verskil, gesels sy met die persone om die probleemverhoudings te vergemaklik.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Eerste besoek van kliënt	1 uur
VOORBEREIDING	2 uur
Opvolgbesoeke soos nodig (Soms vir 6 maande)	1 uur
** Kliënte daag soms op vir hulp (oopdeur beleid), of daar word afsprake gemaak deur 'n persoon vir 'n kliënt, of kliënte kontak haar self vir afsprake)Type text here	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek nodig word**8.1 Projekspan**

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Hanlie Barnard B.Soc.Sc (UV)	Hofmeyr NG Gemeente
Teresa Opperman (Bestuurder by Hugs)	Hofmeyr NG Gemeente
Mariaan Schoeman (Tesourier)	Hofmeyr NG Gemeente
André Schoeman (Voorsitter)	Hofmeyr NG Gemeente

8.2 Toerusting (MAATSKAPLIKE KANTOOR)

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Acer Skootrekenaar	1
Telefoon , Ketel , waaier	1 van elk
Lessenaar & 3 stoel	1 van elk
Liasseerkabinet	1
boekrakke	2
Koskas en tafel	1 van elk

8.3 Ander

**** VOLLEDIGE INVENTARIS VAN AL HOFMEYR HUGS OF HOPE
WORD AANGEHEG SE EIENDOM WORD AANGEHEG.**

8.4 BEGROTING (2021 FINANSIËLE STATE WORD AANGEHEG)**8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne**

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
IKHALA TRUST (Gespesifiseer vir opleiding)	R15 000 (Kursusse)
IKHALA TRUST (Gespesifiseer vir PLEEGSORGHUIS)	R15 000 (Gebouherstelwerk)
LOTTO (Gespesifiseer vir Jeugsentrum)	R100 000 (Verander gebou)
LOTTO (Gespesifiseer vir VGK skool in Twinsville)	R75 000 (Speelterrein)
NG Kerk Hofmeyr (Lokaal en vervoerkostes)	R 30 000
TOTAAL:	R167 500

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen: (Per Jaar) (Soos vir 2021/2022)

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	R 5 000 *
• Verblyfkoste	R12 000 *
• Rekenaaruitgawes	R 0 .00
• Skryfbehoeftes	R1 000.00
• Drukwerk	R 0.00
• Telefoon	R 60.00 *
• Posgeld	R 0.00
• Verversings	N.vT
• ANDER (spesifiseer asb):	
SALARIS @ R200 per uur vir 20 uur	R52 000 (sy kry tans net R26000)
Steynsburg is ook nou	
by Hugs ingeskakel, en daar is reeds kliënte wat ook van	
daar deurry. Sy werk tans 20 uur per maand. (Bonus Des.)	
TOTAAL:	R 62 060.00

* Word deur die NG Gemeente Hofmeyr betaal.

Met bykomende kliënte vanaf Steynsburggemeente, wat nou ook van haar dienste gebruik maak, werk sy tans 20 uur wat 'n salaris van R4 000 per maand kan regverdig.

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word: (Met Steynsburgbediening bygereken)

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R62 060.00
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.1.1 hierbo):	R 18 060.00
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 44 060.00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Me Barnard ontvang haar salaris op die 28ste van elke maand, en 'n dubbele salaris op die 28ste Desember.	R4 000 per maand en R8 000 einde Des. DV.
Hugs is dankbaar vir die drie deposito's per jaar, intussen dra ons haar salaris uit ons eie boekhoustelsel. Ons het ook 'n Welsynswinkel.	

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Hofmeyr Hugs of Hope word gereeld deur mense in nood genader vir hulp. Ook vanuit die gemeenskappe rondom Hofmeyr, en ook uit Steynsburg en Burgersdorp. Dat 'n persoon soos Me Barnard beskikbaar is vir die Afrikaanssprekende gemeenskap is van uiterste belang. Sy hanteer alle kwessies van Maatskaplike omvang, en lewer haar verslag dan aan die Bestuur, wat dan die probleem-areas aanspreek.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per hand** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf
 Die weergawe wat ontwerp is om **per rekenaar** ingevul te word, is by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc